

IN DIE HOOGERECHTEKAMER VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

T2.12 Vol 244 p 12985-13031

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-06-25

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 244

ISMAIL AVOB & ASSOCIATES

COPY

FOR YOUR INFORMATION

(Bladsye 12 985 - 13 031)

HOF HERVAT OP 25 JUNIE 1987.

SIMON TSEKO NKOLI, v.o.e. (Deur tolk)

MR BIZOS : My Lord, Your Lordship granted leave yesterday for accused no. 16 to go to an ophthalmic surgeon. We also have a request for accused no. 21, Mr Chikane, to attend the Benoni Hospital today, at a time which is apparently not a specific time, but at a time which is convenient for the police and they will possibly take them together.

COURT : Very well.

MR BIZOS : They will remain here until such time, because(10) the appointment in Johannesburg is only for 12h00.

MNR. JACOBS : Op die oomblik is al die beskuldigdes teen-woordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mn. Nkoli, jy sê dat op 3 September 1984, die oggend, het jy van jou huis af gegaan deur die woonbuurtes na die kerk toe? -- Dit is so.

Soos jy beweeg het deur die woonbuurtes, het jy baie mense gesien wat besig is om op te beweeg, rond te beweeg of na vaste punte toe? -- Daar was mense gewees wat ek raak-(20) geloop het op pad.

Groepies mense? -- Ek sal hulle nie beskryf as groepies mense nie. Ek sal u sê, daar is gevalle waar ek drie mense teëgekom het wat saam gestap het en dan partykeer twee of 'n persoon alleen teëgekom. Die persone het in verskillende rigtings beweeg.

En soos jy beweeg het, het jy gesien polisiepatrollies wat daar deur die woonbuurtes beweeg het? -- Nee, nie in die roete wat ek gevolg het nie. Ek het geen polisievoertuie gesien nie. (30)

Toe/...

Toe u by die kerk aankom, by die perseel, was daar saam met jou toe 'n hele klomp mense wat buitekant gewag het? -- Op die perseel van die kerk was daar baie mense gewees buite, maar by die hek waar ek gaan staan het, was daar net 'n paar mense gewees, maar terwyl ek nog daar gewag het, het van die mense ook toe daar gekom.

Toe jy nou by die hek gaan staan het, jy sê julle was 'n paar, was dit net twee gewees? -- Nee, ons was nie net twee gewees nie. Daar was mense wat ook daar gekom het.

Hoeveel was julle omtrent wat daar gewag het? -- Nie (10) meer as twintig nie.

En jy sê daar het nog gekom wat by julle aangesluit het terwyl julle daar wag. Hoeveel het nog bygekom? Hoeveel was hulle? -- Ek weet nie hoeveel mense sal ek sê het toe daar gekom terwyl ons gewag het nie, want toe die optog ook nou maar weggegaan het daarvandaan, het die mense nog bly aankom daar.

Ek wil weet hoeveel was julle voordat die optog uit die perseel gekom het wat daar gewag het? -- Wat ek wel kan onthou is die getal wat ek genoem het nou. Dit was net (20) meer as twintig persone. Alhoewel daar nog mense bygekom het, is ek nie in staat om 'n skatting te gee hoeveel daar nog bygekom het nie.

Jy kan tog sekerlik vir die Hof sê of daar nog baie bygekom het wat daar gewag het? -- Ek kan vir die Hof sê ja, dat daar wel mense bygekom het, maar ek is nie in staat om vir die Hof te kan sê hoeveel mense daar nog bygekom het nie.

En jy sê daar was baie mense binne-in die perseel. Was hulle orals op die perseel gewees of waar was hulle gewees? -- Die mense was by die plek wat in hierdie hof beskryf (30)

was/...

was as 'n "court-yard."

Het hulle rondom mense gestaan, soos iemand wat met huile gepraat het of wat was die posisie? -- Hulle het op die manier gestaan daar wat vir my 'n aanduiding was dat hulle nou alreeds sal begin wegloop.

HOF : Was hulle opgestel in 'n optog? -- Ja.

MNR. JACOBS : U sien, hoekom ek vir u vra, beskuldigde nr. 9 het vir ons gesê hy was juis na die hek toe gestuur om die mense wat daar by die hek is te sê om in te kom, nie om buite te staan nie. Hulle moet inkom sodat die mense op die perseel is en binne is? -- Ja, toe ons daar gekom het, het ek gesien dat beskuldigde nr. 9 mense laat ingaan het, maar met ons aankoms by die hek het beskuldigde nr. 9 die volgende gesê "Dit lyk vir my asof ek nooit sal klaarkry om mense te laat ingaan nie. Die beste wat ek nou gaan doen is, dat julle nou hier by die hek sal moet wag." Dus het hy ons daar by die hek laat wag.

Ek wil dit aan jou stel ook dat beskuldigde nr. 9 dit nie sou gedoen het nie, want hy moes toesien dat die mense kom soos wat hulle opgestel word in die optog? -- Wat ek (20) sê wat deur beskuldigde nr. 9 gedoen was, is dat hy vir ons gesê het om daar te wag sodat ons later by die agterkant van hierdie optog kan aansluit.

Die optog, toe hy begin beweeg het, het hy van die vierkant af beweeg na die hek toe? -- Ja, dit is so.

Wie was heel voor gewees aan die optog toe hy nou van die vierkant af wegbeweeg? -- Ek het beskuldigde nr. 9 gesien daar wat aan die voorpunt was van hierdie optog tesame met twee ander persone wie aan my duidelik was as mense wat daar opgetree het as die "marshalls". (30)

Nadat/...

Nadat beskuldigde nr. 9 julle dus gesê het julle kan nie nou meer ingaan nie, het hy julle verlaat daar by die hek? -- Ja, hy het ons daar agtergelaat.

Is hy toe na die optog toe? -- Ja.

Hulle was nou heel voor aan die optog. Wie was agter hulle gewees? -- Die plakkaatdraers.

En die plakkaatdraers het die res van die mense wat die optog gevorm het gevolg? -- Ja.

Was hulle toe ook reeds opgevorm in gelidvorm soos julle geloop het? -- Ek weet nie wat die reëling was nie, maar (10) ek kon sien dat die mense in 'n orde daar gevolg het.

So geledere agter mekaar, die rye mense? -- Ek sal nie kan sê nie. Ek het nie opgelet of die mense nou so gereël was dat hulle miskien langs mekaar op 'n lyn gestap het nie, maar wat ek wel aan die Hof kan sê is dat mense agter mekaar gestap het.

Maar jy was mos daar. As jy dan opgelet het na enigets moet jy mos vir ons kan sê of hulle so geloop het, want hulle moes verby jou so geloop het? -- Dit is presies wat ek sê wat ek daar opgelet het. Ek sê die mense het mekaar gevolg. (20) Of die mense mekaar nou gevolg het in die vorm van 'n lyn, kan ek nie sê nie.

HOF : U bedoel 'n lyn van voor na agter of praat u van 'n dwars lyn? -- Ek praat van die dwars lyn.

MNR. JACOBS : Het die mense toe as 'n eenheid so begin uitbeweeg, voor die drie persone, direk agter hulle die plakkaatdraers en direk agter hulle het die mense begin wegstap daar en so agtermekaar uitgeloop by daardie hek? -- Ja, wat ek wel opgelet het daar is dat dit in 'n goeie orde gedoen was.

Het die "marshalls" toe ook al langsaan, soos die (30)

mars/...

mars uitgegaan het, uit na die hek toe beweeg het, langs die mars ingeval? -- Ja, op daardie stadium was dit alreeds duidelik gewees dat van die mense hier optree as die "marshalls". Hulle het posisies ingeneem as "marshall".

Jy sien, hoekom ek vir jou vra is, die getuienis van beskuldigde nr. 9 dat daar voor die hek was dit gesê die leiers moet eerste uitgaan en toe het hulle uitgegaan en ander mense het nog binnegebly? -- Maar ek het ook net so gesien dat hulle voor was en dit dus die eerste persone is wat uit die perseel gegaan het. (10)

Hulle het nie so daar van die vierkant af met die hele mars so geloop volgens sy getuienis nie. Hy sê hulle is uitgeroep buitekant toe. Daarna is die plakkaatdraers uitgeroep en gesê hulle moet gaan staan agter die leiers en daarna is die mense gesê om uit te gaan en daar aan te vul.

HOF : Wat u dus aan die getuie sê is dat die optog nie opgestel is op die vierkant nie, maar dat die optog in die straat opgestel is?

MNR. JACOBS : In die straat opgestel is.

HOF : Is dit dieselfde? (20)

MNR. JACOBS : Dit is waar dit op neerkom. -- Volgens wat ek daar gesien het, was die optog alreeds gereël gewees toe hulle die perseel verlaat het in hierdie volgorde. Die optog geleidur die drie persone wat ek alreeds genoem het, agter hulle is die plakkaatdraers, onmiddellik gevolg deur die ander mense in die algemeen. Ons het later by hierdie optog aangesluit. Dit is na hulle, dit wil sê die optog, die perseel verlaat het dat ek alles nou duidelik kon sien dat daar mense is wat aan die kante van die optog beweeg en dit is die mense wat ek dan beskou as die "marshalls". (30)

Ken/...

Ken jy vir Esau Raditsela? -- Van sien, ja.

Het jy hom daar gesien? -- Ja, ek het hom gesien.

Waar was hy? -- Ek het daar bewus geword van sy teenwoordigheid toe hy daar uitgegaan het en deelgeneem het as een van die "marshalls".

Was dit nog voordat jy aangesluit het by die opmars?

-- Dit is voor ek by die optog aangesluit het.

En as hier getuenis in hierdie hof aangebied was dat Esau Raditsela en nog ander mense, beskuldigde nr. 17 en nog 'n ander persoon sou agtergebly het om te kyk of die (10) kerk eers toe is en agterna gekom het nadat die mars weg was en daarby aangesluit het, is dit ook nie die waarheid nie? -- Ek sal nie so sê nie. Ek het getuig oor wat ek gesien het van wat daar gebeur het. Ek het bewus geword van hom net voor ek by die optog self aangesluit het en na ek hom daar gesien het vir die eerste keer het ek hom nie weer gesien nie.

HOF : U het by die optog aangesluit deur by die hek te bly staan totdat die agterpunt van die optog by u verby is? -- Ja, dit is so. (20)

MNR. JACOBS : So, as ek jou getuenis reg verstaan dan was jy omtrent heel agter aan die opmars? -- Ek was heel agter by die agterpunt van die opmars toe ek daar vertrek het. U sal net een ding duidelik moet verstaan. Ek sê terwyl die optog daar uitbeweeg het, het ek bewus geword van die persoon se teenwoordigheid en onmiddellik nadat ek hom daar gesien het, het ek toe nie later verder bewus gebly van wat die persoon doen nie en of hy nog by die optog was of wat verder met hom gebeur het nie. Dit kan ek nie sê nie.

Jy sien, as die getuenis dan ook verder is dat hulle (30)

opgevang het met die opmars en aan die agterpunt van die opmars gekom het, dan is dit ook nie reg nie? -- Ek sal nie betwiss wat ander mense gesien het nie. Ek praat van wat ek daar waargeneem het. Miskien praat die mense hiervan dat hulle hom so gesien het omdat hulle hom gesien het dit doen. Of praat hulle hiervan omdat hulle bewus was dat hy veronderstel was om dit te doen, maar wat ek hier vir die Hof vertel is wat ek waargeneem het.

Het jy beskuldigde nr. 17 by die opmars gesien? -- Ek het hom nie gesien nie. (10)

En beskuldigde nr. 8? -- Ek het hom ook nie gesien nie.

Jy het gesien dat Esau Raditsela is besig om op te tree as 'n "marshall" daar. Het hy daar bly staan of het hy aanbeweeg saam met die opmars toe jy hom gesien het? -- Op die stadium wat beskuldigde nr. 9 ons genader het daar by die hek en 'n gesprek met ons gevoer het, toe ek in die perseel gekyk het het ek opgemerk dat hy, Esau, op die perseel was en hy het beweeg na verskillende punte toe waar die optog alreeds gereël was en toe die optog die plek verlaat, het ek hom weer opgemerk dat hy aan die een kant van die optog was (20) waar ek sê waar hy aan my duidelik as 'n "marshall" opgetree het.

Het jy aan die agterkant van hierdie optog gebly al die tyd tot hy uitmekaar gegaan het lateraan? -- Nee, my posisie het verander. Dit was as gevolg van die feit dat mense by hierdie optog van agter af, dit wil sê aan die agterkant aangesluit het en van die mense het sommer tussenin aangesluit, met die gevolg dat ek teruggeval het as mense voor my aangesluit het. Dus het dit my posisie beïnvloed en dit het my posisie verander. In die loop van die tyd tydens (30)

tie/...

die optog daar, het ek gevind dat ek op 'n stadium in die middelste deel van die optog is.

Toe die opmars daar begin het by die kerk, kan jy vir ons aandui hoe lank was hierdie opmars gewees? Dit is toe jy nog aan die agterpunt was? Omtrent na Checkers toe? -- Ek weet nie eers waar is Checkers hier nie. Ek was nog nooit na buite toe nie.

Jy ry nie hierso in die dorp - jy het nog nie hier in die dorp gery nie?

HOF : Ons gaan nou net deurmekaar raak. Toe die agterpunt, (10) toe u aansluit by die hek by die perseel aan die agterkant van die optog, waar was die voorpunt toe? -- Dit was om en by in die onmiddellike nabijheid van Selbournestraat.

Dit is byna die lengte van die grondpad vanaf die hek tot by Selbournestraat? -- Ja, dit kan wees.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel om aan te sluit by gister se vrae dat as hierdie mense gesing het en die opmars redelik lank was, dat jy op die plek waar jy was, was dit onmoontlik gewees, kon jy nooit gehoor het of iemand sê "Daar is 'n hond" of nie sê "Daar is 'n hond" nie? Jy kon (20) dit nie gehoor het nie? -- Dit het afgehang in watter posisie die persoon is wat die woorde besig.

As dit by die voorpunt rond gewees het, dan kon jy dit nie gehoor het nie? -- Ja, ek sou nie in staat gewees het om 'n persoon te hoor wat by daardie punt is vanwaar ek is nie.

Die mense wat jy daar voor jou gesien het op 'n stadium, waar presies was hulle toe jy hulle geesien het?

HOF : Watter mense voor hom?

MNR. JACOBS : Die interseksie, wat hy daar gesien het.

HOF : Die groep? Die groterige groep?

(30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Die groep, ja. -- Ek het bewus geword van daardie klomp by die plek wat hier in die hof beskryf word as 'n "intersection". Dit is waar ek opgemerk het dat daar daardie klomp is.

Het hulle daar rondgestaan of rondbeweeg op die interseksie self? -- Met die punt waar ek was op hierdie optog die distansie vanaf die voorpunt, sou ek nie in staat gewees het om te sien wat die mense daar doen nie, behalwe om net bewus te word van 'n klomp mense by daardie punt en dit is wat ek gesien het. Volgens my waarneming daar, het dit (10) vir my gelyk of hierdie mense vanaf ons teenoorgestelde rigting gekom het.

Kon jy sien dat hulle loop? -- Ek kon sien dat daar 'n beweging was.

Dit is 'n snaakse ding om te sê 'n beweging. As 'n man sy arm in die lug swaai is dit 'n beweging? -- Ja, die beweging wat ek van praat. Ek het opgelet dat die mense plakkate gedra het. (Getuie dui beweging aan)

Die beweging van plakkate? -- Ja, dit is juis die beweging van die plakkate wat gemaak het dat ek bewus word van (20) die mense se teenwoordigheid daar.

So, as ek jou reg verstaan was jy op daardie stadium 'n redelike ent van die voorpunt van die opmars af? -- Ja, ek was redelik ver, want dit is voor ek by die BP Garage was.

En wat meer is, daar was baie mense tussen jou gewees wat gemaak het dat jy nie presies kon sien wat daar in die interseksie aangaan nie? -- Ja, dit is korrek, maar as gevolg van die feit dat hierdie pad daar 'n draai maak en ek is aan die regterkant van die optog, was ek dus na die (30)

optog/...

optog die draai geneem het daar in staat gewees om daar voor te sien vanaf die posisie waar ek was, veral as ek dit nou met die klomp persone noem. Dit is hoe ek sê.

Ek verstaan nou nie wat jy bedoel nie. Met ander woorde, moet ek dan verstaan julle optog het alreeds na regs gedraai toe jy hierdie mense gesien het? -- Nee, ek sê ek was aan die regterkant gewees waar ek beweeg het op hierdie optog van ons en toe ek die eerste keer bewus geword het van hierdie klomp was voor ons voorpunt die interseksie binnegegaan het en wat my in staat gestel het om te sien dat daar 'n klompie(10) mense was daar is omdat daardie pad daar 'n draai maak. Dit wil sê die draai het dus my kans gegee om aan die verste punt van die draai te kan sien.

In die eerste instansie wil ek aan u stel dat daar is nie 'n draai nie. Daar is 'n effense wyking na regs, maar nie 'n draai nie? -- Miskien is my gebruik van die woord "curve" swak. Dit is reg, die pad maak 'n effense draai.

En die tweede aspek wat ek met jou wil behandel, volgens 'n nota wat my kollega gehou het hier het jy gister vir die Hof gesê jy het aan die linkerkant van die optog jou plek(20) ingeneem?

HOF : Drie plekke of vier plekke vanaf die regterkant van die optog wat ongeveer tien man breed was.

MNR. JACOBS : Dan is my nota verkeerd. Om tot by hierdie interseksie te beweeg, wil ek dit aan jou stel, dat u moes in daardie hele gebied verskeie plekke gesien het waar dik kolomme rook opgegaan het in daardie omgewing van Sebokeng vandat julle begin het tot julle daar by die interseksie gekom het? -- Nee, die enigste rook wat ek van bewus geword het, is dié wat ek sê wat aan my linkerkant was in die (30)

nabyheid/...

nabyheid van BP Garage, dit wil sê net voor ek by BP Garage gekom het.

Ek wil dit aan u stel selfs voordat u nog by die kerk gekom het, moes u rookkolomme gesien het in daardie woonbuurt?

HOF : Daardie woonbuurt is watter woonbuurt?

MNR. JACOBS : In die onmiddellike nabyheid en omgewing van die Roomse Kerk? -- Ek het geen sulke rook gesien in die nabyheid van die Roomse Kerk nie.

Toe u daar by die interseksie self kom, volgens jou getuienis nou, het jy probeer vasstel wat se soort is daar(10) wat so 'n digte rookkolom daar is? -- Ek was verbaas gewees om daardie groot rookkolom te sien, maar op daardie huidige oomblik het ek nie vasgestel wat die oorsaak daarvan was nie.

HOF : Vandat u by u huis weg is dieoggend totdat die optog uitmekaar gejaag is, is dit die enigste rook of rookkolom wat u gesien het wat buitengewone rook was? -- Ja, dit was die eerste keer.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Terwyl u met hierdie onderwerp besig is, mnr. Bizos het vir u gevra hoe die atmosfeer dieoggend in die woonbuurt was. U het hom toe geantwoord met die (20) strekking dit was asof die mense by die huise was en vuur gemaak het? -- Ja, dit was my antwoord gewees. Ek het gesê dit was misserig gewees. Eintlik het dit gelyk of daar mis was en as 'n mens nou met ondervinding praat omtrent die lokasies, hoe dit daar lyk as mense vuur gemaak het, was dit die toestand gewees.

Ek wou eintlik graag vir u gevra het, watter soort dag was dit gewees? Wind stil, winderig, 3 September, sonskyn? -- Ek kan dit soos volg beskryf. Dit was 'n lekker koeloggend maar sonder wolke. Dit was 'n sonskyndag, 'n normale dag wat(30)

ŉ mens kan toeskryf aan Septembermaand se dae.

HOF : En die wind? -- Ek kan nie meer met sekerheid sê nie. Ek kan nie meer onthou nie, maar wat ek wel vir die Hof kan sê is dat ek herinner my dat ek 'n bosbaadjie van my aangetrek het om die warmte te behou in my liggaam.

MNR. JACOBS : Net om by hierdie aan te sluit toe u nou geloop het van die huis af op pad na die Roomse Kerk toe, jy het nou deur die woonbuurtes geloop, het u opgemerk of daar by huise se skoorstene baie rook uitkom of nie? -- Ja, ek het dit gesien, ek het dit opgemerk, want selfs by my (10) huis was dit kort na ek vuur gemaak het in die stoof dat ek vertrek het.

By die interseksie, toe u nou daar gekom het, het u mense gesien daar op die interseksie self wat nie aan die optog behoort nie wat daar rondbeweeg? -- Ek het mense opgemerk terwyl hulle in die optog was. Eintlik ook vroeër, voor ons by hierdie punt van die interseksie gekom het. Mense wat sommer daar gestaan het as toeskouers van die optog.

Maar ek vra nou spesifiek by die interseksie, was daar mense wat daar rondbeweeg het wat nie aan die optog behoort (20) nie? -- Dit is 'n bietjie moeilik vir my om vir die Hof presies te kan sê wat die posisie was daar. Soos ek alreeds vroeër gesê het voor ons by die interseksie gekom het, as ek bewus gewees van toeskouers wat langs die pad gestap het. Selfs met die ingang by die interseksie, het ek opgemerk dat daar mense was in die interseksie, maar nou vir my om vir die Hof te kan sê of die mense daar rondbeweeg het of wat die posisie was, wat my betref, is dit logies dat daar toeskouers sou gewees het by die optog.

Nee, ek wil dit aan u stel dat hierdie feit dat jy nie (30) vir/...

vir die Hof kan sê wat daar by die interseksie gebeur het toe jy daar gekom het nie, is omdat u op daardie stadium by Caeser se huis was. U was nie agter aan daardie optog gewees nie, u was aan die voorpunt gewees? -- Ek was agter gewees op die optog. Ek was glad nie by Caeser se woning gewees nie.

Nou hoe is dit dan dat jy nie vir die Hof kan sê wat daar gebeur het by die interseksie, of daar mense gestaan het op die interseksie en rondbeweeg het nie? -- Ek is nie in staat om dit te kan sê nie, omdat ek sê by die verskillende plekke was daar mense gewees wat langs die pad gestaan (10) as toeskouers. Dus kan ek nie vir die Hof sê watter tipe mense naby die interseksie gestaan het of daar rondbeweeg het nie.

Daar was bewerings gemaak deur die verdediging dat daar aan die linkerkant, die pad wat aan die linkerkant na die stadion toe gaan, op daardie interseksie, daar het 'n groep mense ook gestaan? -- Ek sal nie met mense wat dit gesê hetstry nie. As u nou oplet wat ek sê, is dat ek het aan die regterkant van hierdie optog beweeg en die manier waarop hierdie optog opgestel was, dit wil sê die mense wat dig (20) in die optog gevorm het, was dit nie moontlik vir my gewees om met een kyk na die linkerkant toe te kan sien wat gebeur daar nie.

HOF : Weet u van 'n stadion daar in daardie gebied? -- Ek het net daarvan gehoor dat daar 'n stadion is in Gebied 11.

Waar het u dit gehoor? -- My broertjie hou daarvan om 'n toeskouer te word by 'n sokkerspan. So, hy het af en toe vir my gesê dat hy 'n toeskouer gaan wees by 'n sokkerspan wat hy aan behoort.

By die interseksie, kom daar vanaf die linkerkant, (30)

soos u gestap het, die laantjie in wat na Caeser Motjeane se huis lei? U weet daarvan? -- Ek was nie daarvan bewus nie. Ek het eers daarvan begin hoor in die verloop van hierdie huidige saak.

Maar u weet nou van watter laan ons praat? -- Ja, op die huidige oomblik weet ek.

Op daardie interseksie kom daar ook 'n groterige pad in aan die linkerkant voordat 'n mens by die laantjie kom, maar byna op dieselfde punt? -- As ek reg verstaan praat u van hierdie pad wat na bewering die pad is na die stadion toe? (10)

Dit is wat ek wil weet of dit die pad is na die stadion? -- Ja, in die verloop van die verhoor in hierdie saak het ek so verstaan.

MR BIZOS : Your Lordship can take that as an admission

COURT : Yes, we were just wondering where the stadium is.

I think we have spotted it on the aerial photograph, but we might get some agreement on that. *

MNR. JACOBS : Ek wonder cf ons nie op die oomblik terwyl ons daarmee besig is, dit kan afhandel nie.

HOF : Druk dan maar 'n speld op die plek waar u sê die (20) stadion is en dan wys u dit vir mnr. Bizo. (Plek word aangedui) I put the number 70 in the middle of the stadium and added it to the index as stadium in Zone 11.

MNR. JACOBS : Daar by Caeser se huis, het jy nie hulp verleen daar aan 'n persoon wat geskiet was in die omgewing van Caeser se huis nie? -- Nee, ek het niemand gehelp wat geskiet was nie.

En gehelp dat hy vervoer kry, dat hy verwyder word na 'n hospitaal toe nie? -- Ek het niemand gehelp daar om hospitaal toe geneem te word nie. (30)

Toe/...

Toe jy daar by die steeg kom, volgens jou getuienis, het jy nie gekyk wat is nou die oorsaak van hierdie rook en in die steeg opgekyk nie? -- Ek het wel 'n oog in daardie rigting gegooi om te sien of ek dalk iets kan sien wat die oorsaak is van die rook. Ongelukkig kon ek nie sien wat presies die oorsaak daarvan was nie. Eintlik, ek sal u sê die meeste van die mense in die optog in my nabijheid het ook terselfdertyd die oog saam met my in daardie rigting van die steeg gegooi om te sien wat daar gebeur het.

Kan ek dit dan eers so kry, die rook was dit omtrent(10) aan die verste punt soos julle verby beweeg het van daardie steeg?

HOF : Die steeg loop dood aan die einde van 'n blok.

MNR. JACOBS : Ja, in die omgewing waar hy doodloop.

HOF : Is dit waar hy doodloop?

MNR. JACOBS : Waar hy doodloop.

HOF : Waar hy 'n T-aansluiting maak met 'n ander straat.

Is dit wat u vra?

MNR. JACOBS : Ja, dit is reg, in daardie omgewing? -- Ek sê ek het 'n oog in daardie rigting gegooi om te sien wat die(20) oorsaak van die rook was. Op daardie huidige stadium was ek nie van hierdie steeg bewus nie. So, ek is nie hier in die hof in staat om vir die Hof te kan sê wat ek bepaal het met betrekking tot die steeg nie.

Het u mense gesien op en afhardloop tussen huise daar in die rigting van die rook? -- Mense wat ek bewus van was was dié aan my regterkant terwyl ek aan die optog deelneem en tweedens, ek was bewus van die "marshalls" wat deelgeneem het aan die beheer van hierdie optog.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Aan die linkerkant waar daar so(30) ongeveer/...

ongeveer ses mense diep - voordat u by die einde van die optog sou kom, aan u linkerkant vanwaar u geloop het? -- Behalwe die mense wat deel gehad het aan die optog self aan my linkerkant, kan ek my nie voorstel dat ek ooit ander mense gesien het aan my linkerkant nie. Tweedens, ek is nie seker nie, ek sê nie dat daar ses mense was aan my linkerkant nie. Ek sê daar was mense gewees wat aan my linkerkant was wat deelgeneem het aan die optog en hierdie optog was dig gewees van mense wat deel gehad het daaraan.

MNR. JACOBS : Toe u nou gekyk het na die rigting van die(10) rook, toe u daar by die interseksie kom, toe kon jy niks sien nie, is jou getuenis, omdat die mense almal voor jou was? Die mense aan jou linkerkant? -- Ja, my uitsig was aan my linkerkant versper. Die rookkolum was hoog genoeg bokant die hoogte van die mense wat my uitsig versper het om deur my gesien te word.

Die mense het tog seker nie so opmekaar geloop dat daar nie spasie tussen die rye gewees het wat jy in was en die ry voor jou of die ry agter jou nie? -- Ek sê die mense was daar naby mekaar gewees. Hulle het net toegelaat dat 'n (20) mens kan beweeg en tweedens, ek het nie veel belang gehad in die ander dinge nie. Hier is ek op 'n optog en hier word gesing. So, ek het meer belang gestel in die singery as enigets anders-

Maar dan kan jy tog vir die Hof kom vertel van mense wat voor was terwyl daar baie meer mense voor jou was, 'n groep mense wat voor gewees het? -- Ja, dit het ek gesien. Die pad maak effens 'n opdraand daar en tweedens maak dit 'n effense skewe draai na regs. So, met hierdie toestand was ek in staat gewees om daardie klomp te sien. (30)

As jy sê effens na regs, beteken dit dan die mense, toe jy hulle gesien het, was hulle nie op die interseksie nie, maar verby die interseksie op daardie deel wat na regs effens afwyk? -- Die klomp mense wat ek van praat was volgens my verstaan van hierdie interseksie in die onmiddellike interseksie gewees en by hierdie punt waar die pad effens na regs beweeg. Ek het dus bewus geword van hierdie mense volgens my terwyl hulle, as ek reg verstaan het, in die interseksie was.

Ek wil dit aan u stel dat u was op die voorpunt van(10) hierdie optog, u het ingegaan by Caeser Motjeane, die steeg na sy huis toe en u was daar toe die aanval geloods was op sy huis? -- Ek ontken dit, want dit is nie so nie.

Hierdie dokument BEWYSSTUK AV1 wat u gehad het is 'n lidmaatskapkaart. Is dit reg?-- Ja, dit is reg.

Van die liggaam Release Mandela Campaign Committee?
HOE : Waar staan die "committee"?

MNR. JACOBS : Ek vra dit vir hom? -- Nee, op hierdie kaart van my staan geskryf Release Mandela Campaign.

Maar sal u saamstem dit word bedryf deur die Release(20) Mandela Campaign Committee of Release Mandela Committee? -- Dit is aan my verkoop deur Sediso Matone. Ek weet nie of hy 'n lid is van die Release Mandela komitee nie.

En in die Vaaldriehoek self was daar ook 'n tak van die Release Mandela Committee? -- Ek het nie so 'n kennis nie. Ek het ook nie vantevore daarvan gehoor nie.

Ek wil dit aan u stel dat dit nie 'n dokument is wat verkoop word soos u sê nie, maar dit is 'n aansluit en 'n lidmaatskapsertifikaat hierdie? -- Dit is nie so nie.

Hier word selfs 'n lidmaatskapsnommer vir jou toegeken'(30)
nommer/...

nommer 009223? -- Dit is nie so nie. Met die Hof se toestemming, mag ek verduidelik hoekom ek sê dit is nie so nie?

HOF : Ja? --

MNR. JACOBS : U Edele, net voor hy antwoord, ek sien dat beskuldigde nr. 16 nou geneem word. -- Ek sê dit is nie so nie, want Sediso, die persoon wat hierdie dokument aan my aangebied het te koop, het aan my gesê dat dit verkoop word met die doel om fondse in te vorder. So, ek het dus aanvaar dat dit die geval is en onder daardie omstandighede het ek toe hierdie dokument gekoop. (10)

HOF : Wat het u met die dokument gemaak nadat u dit gekoop het? -- Ek het dit saamgeneem na my kantoor toe.

En toe? -- Dit was na 'n paar dae dat hierdie transaksie plaasgevind het tussen ons, dat ek besluit het om die besonderhede wat daar staan op hierdie dokument aan te bring.

Wat het u daarna met die dokument gedoen? -- Ek het dit daarna toe gehou as my eiendom.

In u laai of in u sak? -- Ek het 'n beursie by my gehad. Dus het ek altyd hierdie kaart in hierdie beursie van my gehou. (20)

Is dit 'n portefeuilje wat jy in die bosak van jou baadjie dra? -- Ja, dit is reg.

'n "Wallet"? -- Ja.

MNR. JACOBS : Sal u met my saamstem 'n mens sal so 'n ding gedurig net saam met jou dra soos hierdie bewysstuk as dit vir jou belangrik is? -- Ja, ek het dit daar vir my gehou omdat dit belangrik was vir my.

En vir een rede waarom dit belangrik is dat jy dit byderhand het as jy die vergaderings van die Release Mandela Committee wil bywoon, dan kan jy vir hulle wys jy is 'n (30)

lid daar? -- Nee, ongelukkig was ek nog nie genoeg om by enige vergadering te wees deur hierdie mense nie, maar ek sê dit was vir my belangrik gewees omdat ek daarvan gehou het as my eiendom. Een van die redes hoekom ek daarvan gehou het, is ek hou daarvan om ander tale te leer en dit bevat meer as een taal. Partykeer as ek tyd het, het ek dit gelees en nagegaan om 'n taal te leer deur middel van gebruik te maak van hierdie kaart.

As jy dit net wou gehad het om te leer en tale te leer, hoekom het jy jou besonderhede op hom ingevul? Jou adres(10) en besonderhede? -- Dit was met die doel dat indien ek dit verloor om wie dit ook al optel in staat te stel om dit terug te besorg aan hierdie adres en dat ek nou hier geskryf het en gesê het dat ek die kaart geneem het omdat ek iets wou geleer het, is eintlik nie een van die dinge wat 'n mens baie belangrik kan beskou nie.

Nou wat beskou jy dan as baie belangrik, hoekom die dokument vir jou belangrik is? -- Dit was vir my belangrik gewees omdat ek geld betaal het met die doel om by te dra vir die invordering van die gelde en tweedens dat ek (20) eintlik die beroep ondersteun wat hier gemaak word "I support the call for the release of Nelson Mandela and all other political prisoners".

As ek u getuenis reg verstaan het, het u in hierdie tyd op 12 Junie 1984 permanent in Johannesburg gewoon? -- Ja, ek het permanent in Johannesburg gebly.

Hoekom sit jy dan nie jou Johannesburg adres in as jy wil hê die mense moet dit terugstuur na jou as hulle dit optel nie? Hoekom sit jy jou Sebokeng adres in? -- Ek het besluit op hierdie adres, want dit is my moeder se adres. Eintlik(30)

is dit my permanente adres.

So, is dit eintlik jou adres hierdie een? -- Daar is 'n verskil hierso. Hierdie is my permanente adres. Indien dit miskien gesê word om daardie plek te ontruim waar ek tans woonagtig is, dan moet ek teruggaan na hierdie adres toe. So, dit is die enigste adres waar ek in staat is om na toe terug te keer.

Ek wil dit ook aan jou stel dat hierdie adres is gegee omdat u baie meer aktief en baie meer in die Vaal was as wat u vir die Hof hier gesê het? -- Daar bestaan nie so iets (10) nie.

HOF : Wat staan hier, want dit is baie dof?

MNR. JACOBS : Ek sal dit vir die Hof lees en hy kan dit miskien bevestig. Die nommer wat daar gegee word by adres ek weet nie of die naam uitkom duidelik nie, Tseko Nkoli. Is dit reg, dit is wat daar staan by die naam? -- Ja, dit is reg.

HOF : Is dit nie verkeerd gespel nie?

MNR. JACOBS : Ek het na dieselfde ding gekyk. As 'n mens na sy handtekening kyk onder-... (Hof kom tussenbei) (20)

HOF : Ek vra vir die getuie. -- Dit is verkeerd gespel, ja.

Hoe spel u u eie naam verkeerd? -- Ek het 'n probleem met die spel van hierdie naam. Ons het die ou en nuwe manier van spel in my taal. Gewoonlik in die ou outografie skryf ons 'n "d" met 'n "l", maar partykeer in plaas van "l" gebruik ek 'n "d", wat dieselfde is as 'n "l" in die taal wat ek hier geskryf het.

Wat is die adres? -- 18909 Zone 14 Sebokeng 1982.

MNR. JACOBS : Wat is die 1982? -- Dit is die poskode.

Die "date of issue" wat hier ingevul is is 12/6/84. (30)

Is/...

Is dit reg? -- Dit is die datum wat ek hier geskryf het.

'n Ander rede hoekom hierdie kaart vir jou so belangrik is en hoekom jy hom by jou gedra het, is omtrent hierdie "important dates in the struggle"? -- Ja, ek is daarvan bewus wat die datums hier beteken. Ek stem nie saam met die stelling wat gemaak word dat dit belangrike datums is nie, want van die datums wat hier genoem word, is datums wat nie goeie geheue is nie. Dit is datums wat te doene het met gebeure wat nie goeie gebeure was nie.

HOF : Bedoel u nou iets wat 'n mens al vergeet het of (10) iets wat 'n slegte ding is? -- Sad days.

MNR. JACOBS : Hoeveel van hierdie dae is van die herdenkingsdae wat belangrik is in die stryd, "in the struggle"? -- Die datum van 8 Januarie 1912 het ek nie 'n goeie kennis van nie, behalwe van wat ek daarvan lees. Die datum van 30 Januarie 1981 weet ek ook nie van nie.

Is dit nie twee dae wat julle herdenk op herdenkingsdienste nie?

HOF : Kon ek net verstaan wie is "julle", want as ek die antwoord het "ons", dan weet ek nog nie wie "ons" is nie. (20)

MNR. JACOBS : Die Swartmense wat deelneem aan die stryd en in die verskillende organisasies waarvan, toe jy in COSAS was, COSAS ook gehou het? -- Terwyl ek 'n lid was van COSAS was niks gedoen met betrekking tot hierdie datums nie.

HOF : Moet hulle nou nie almal een vir een vat nie. Sê maar net vir ons as u dit so deurkyk watter is nou dae waarop daar iets gedoen word of waarop iets herdenk word? -- 21 Maart, 16 Junie. Dit is die twee dae wat ek van weet. As u verder onder kyk waar September geskryf staan, daar is iewers waar ek met 'n gewone pen geskryf het die syfer 3 en dan verder (30)

geskryf/...

geskryf "Vaal unrest". Ek sê dit is nou die datums waar daar herdenkingsdienste gehou moet word, dat daar gebid moet word met die oog daarop dat daar herdenk word die mense wat oorlede is, want volgens my, die mense wat hulle lewens hier verloor het, was ongelukkig gewees. Dit is hoekom ek nou in my gedagte die gedagte het dat sulke mense herdenk moet word en dus namens hulle gebid moet word.

MNR. JACOBS : 16 Desember, is die nie ook 'n dag wat herdenk word as 'n dag, 'n belangrike dag in die stryd nie? -- Ek weet nie wat daardie dag beteken nie. Al wat ek van weet is dat(10) daardie dag 'n vakansiedag is.

Is dit 'n dag wat julle herdenkingsdienste hou en dienste hou in COSAS, toe jy 'n lid van COSAS was? -- Nee, ons het nie herdenkingsdienste gehou op hierdie datums nie.

Of vergaderings daardie dag? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Is dit nie so nie dat 16 Desember word genoem en herdenk as "Heroes Day" omdat dit eintlik Mkhonto we Sizwe Day is en die "heroes" wat daar geloof word is die mense van Mkhonto we Sizwe? -- COSAS het nog niks gesê oor hierdie datum nie.(20) en nog nooit gesê of daar enige herdenkingsdienste gehou moet word, hetsy vir die stigting van Mkhonto we Sizwe of vir enige ander doel nie en ek sien nie 'n rede daarvoor nie.

Sê jy 3 September het jy spesifiek self ingeskryf in hierdie dokument in? -- Ja, dit is so.

So dat die onluste in die Vaal bejeën jy as 'n belangrike dag in die stryd van die Swartmense? -- Ek sien hierdie dag as een van die dae wat deur my beskou word as slegte dae, want my gevoel is dat wat dié dag daar plaasgevind het, moes eintlik nie plaasgevind het nie. (30)

Maar/...

Maar jy ontwyk die vraag. Dus, jy het dit ingeklassifiseer hier onder die opskrif "Important dates in the struggle" en jy ag dit as 'n belangrike dag in die stryd? -- Die geskrif hier van "Important days in the struggle", ek verskil daarvan want van die datums wat daar genoem word onder die onderhoof sien ek nie as belangrike datums nie. Miskien sal dit wees omdat ek nie goed verstaan wat bedoel word hier met die gebruik van die woorde "important days in the struggle" nie.

HOF : Weet u was is "the struggle"? -- Ek weet nie presies wat dit is nie, maar my verstandhouding daarvan is dat (10) dit is 'n manier waarop mense probeer om hulle lewens te verbeter. Byvoorbeeld, terwyl ek nog 'n skolier was, het ek mense gehoor sê "they struggle in order to make it in passing examinations." Dit is in daardie sin wat ek die woord "struggle" verstaan.

MNR. JACOBS : COSAS was 'n politieke organisasie, is dit reg, waaraan jy behoort het? -- Ek sou COSAS op die volgende manier beskryf het "Partially political."

En as 'n politieke organisasie het COSAS deelgeneem aan 'n stryd vir die vryheidverkryging van al die Swartmense (20) soos dit gestel word in hierdie politieke organisasies? -- In my tyd gedurende die tydperk wat ek 'n lid was van COSAS was niks gedoen om die stelling wat u nou gemaak het hier te regverdig nie.

Maar dit was gesê, dit was die beleid van COSAS gewees dat hulle deelgeneem het aan 'n vryheidstryd om die bevryding van die Swartmense, die sogenaamde bevrydingstryd? -- Wat ek verstaan het wat die doel van COSAS was om die volgende te bereik, 'n vrye onderwys, is een, tweedens dieselfde standaard van onderwys wat gegee moet word. (30)

Maar/...

Maar ek stel dit aan u COSAS het verder gegaan as dit?

-- Ek weet nie daarvan dat COSAS verder as dit gegaan het en hoe ver nie, maar in my tyd by die area waar ek was, het ons te doen gehad met die probleme wat die studente van daardie area geraak het.

Ek sal terugkom hiernatoe. Ek wil dit net aan u verder stel van hierdie "struggle" wat u hierso noem en wat hier genoem word in die dokument wat u sê, het u - en dit het u nie net nou my vraag beantwoord nie, u het 3 September as 'n belangrike dag beskou in die "struggle", nie as 'n treurige(10) dag nie, maar as 'n "important" dag. U het hom daar ingeklassifiseer as 'n belangrike dag? -- Nee, ek beskou hierdie dag as 'n baie slechte dag in die gebeure wat daar plaasgevind het op hierdie dag. Dus my siening van hierdie dat is dat ek moet ðf by die huis bly ðf by die mense gaan aansluit waar hulle besig is om te bid in die kerk met die oog daarop dat ek herdenk wat daar gebeur het. Omrede ek op die 3de daar was en toe later verneem het wat daar gebeur het, het dit my, as 'n persoon, gevoelens geaffekteer.

En jy het hom hier ingeskryf as 'n belangrike dag (20) van die stryd nie om eksamens deur te kom, 'n "struggle" om eksamens deur te kom nie? -- Nee, maar toe ek dit genoem het, het ek 'n voorbeeld gemaak van wat ek verstaan onder die gebruik van die woord "struggle". Ek weet nie hoe ander mense dit verstaan nie. Dit is my verstaan van die gebruik van die woord.

As dit net 'n voorbeeld is, wat is dan die werklike betekenis van die woord "struggle" volgens jou siening daarvan?

-- Ek sê ek verstaan dit op hierdie manier. Ek weet nie wat die skrywer hier in gedagte gehad het nie, maar dit is (30)

wat/...

wat ek verstaan, dat dit datums is wat belangrik beskou word deur mense wat iets probeer het om iets te bereik van wat hulle wou gehad het.

Sal jy saamstem dit is belangrike datums van 'n politieke sin? -- Dit kan so wees, ja.

Maar dit is so, volgens wat dit hier staan. Dit is nie wat dit kan wees nie. Ek stel dit aan jou soos dit hier staan is dit belangrike datums in 'n politieke sin? -- Ek sê dit kan so wees, want alleenlik die skrywer hiervan sal beter kan sê wat dit is. (10)

U wil tog werklik nie hê die Hof moet glo dat jy kan nie sê dit is nie waar jy deelgeneem het aan politieke aktiwiteite nie? Waar jy spesifiek deelgeneem het ook aan herdenkingsdae wat hier ingesluit is? -- Ek ontken nie dat ek al 'n herdenkingsdiens bygewoon het op die datums soos hier vervat nie en ek ontken nie dat ek ooit aan 'n organisasie behoort het nie. Wat ek sê is dat ek is net nie in staat om te verduidelik wat die skrywers wou oorgedra het aan die lezers toe hulle hierdie onder die hoof van die "important dates" van die "struggle" geskryf het nie. Miskien het ek (20) 'n kans gehad sou ek hulle gevra het, byvoorbeeld om 'n vergadering by te woon. Dan sou ek hulle gevra het daaromtrent. Dan sou ek miskien hier in hierdie hof in staat gewees het om 'n goeie antwoord hieromtrent te kan gee.

Dit is seker so dat u het verskeie herdenkingsdienste bygewoon? -- Die enigste herdenkingsdienste wat ek kan onthou wat ek bygewoon het, is die een van Maart en die een van Junie, die 16de.

HOF : Van watter jaar? -- Dit was in die jaartal 1980 toe ek in Maartmaand 'n herdenkingsdiens bygewoon het. (30)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : 21 Maart? -- Ja. Dit was in die jaar 1980 wat ek 21 Maart se herdenkingsdiens bygewoon het. Ek was van voorneme om die een van 16 Junie by te woon, maar dit was verban gewees, dus het ek dit nie bygewoon nie. In die jaar 1981 was ek nie in staat gewees om beide die herdenkingsdienste by te woon nie.

HOF : U het nie een van hulle bygewoon nie? -- Nie een van hulle het ek bygewoon nie.

En dit is al? -- In die jaar 1983 is ek na die Metodiste Kerk toe waar 'n biduur gehou was. Dit was in Johannesburg. (10) Dit is die twee wat ek kan onthou wat ek bygewoon het.

En dit was Junie of Maart? -- Junie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG . HOF HERVAT.

SIMON TSEKO NKOLI, nog onder eed

MNR. JACOBS : U Edele, beskuldigde nr. 21 is gedurende die pouse dokter toe.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mn. Nkoli, ek sien u het genoem van 1980, 1981 en dan 1983. Wat van 1982? Het jy enige herdenkingsdienste bygewoon? -- In die jaar (20) 1982 Junie het ek nie 'n herdenkingsdiens bygewoon nie, maar ek kan nie meer onthou oor Maartmaand nie.

Sal u met my saamstem, hierdie sogenaamde herdenkingsdienste is almal politieke vergaderings? -- Ja, die vergaderings word georganiseer deur organisasies wat ek noem "political organisations".

Die toesprake wat op die vergaderings gehou word is heeltemal net politieke toesprake? -- Ja, dit hang af by watter vergadering die toespraak gemaak word, maar ek beskou dit as politieke toesprake. (30)

Die/...

Die 21 Maart vergaderings is gewoonlik vergaderings waar die mense wat in Sharpeville in 1960 doodgeskiet is, dat daar politieke toesprake gemaak word dat hulle in die vryheidstryd van die Swartmense gedood is deur die Blankeregering? -- Ja, dit is presies wat daar gesê word in die toesprake.

En dat ook die vryheidstryd wat dan gevoer word waarna verwys word daar is die vryheidstryd van die Swartmense om hulle sogenaamde vryheid te bereik deur 'n regering van die Swartmense te stig? -- Nee, ek verstaan dit op dié manier, dat daar gepraat word van die vryheidstelling dat mense in(10) vryheid sal gaan lewe.

Hoe lewe 'n mens in vryheid? -- Die mense wat so leef is mense wat by 'n plek leef waar daar nie 'n verskil gemaak word as gevolg van die kleur of ras nie en mense wat diezelfde tipe onderwys kry en mense wat in staat is om orals te gaan woon net soos hulle wil en mense kan gaan werk by enige plek waar hulle verkies. Selfs na plekke toe kan gaan om die lewe te gaan geniet volgens hulle keuse. Dit is wat ek van praat as ek nou praat van die vryheidstelling.

En ook 'n vryheid van keuse van die Regering wat hulle(20) wil hê, stemreg? -- Ek sê die vryheid moet behels dat hulle in staat kan wees om te gaan stem vir 'n persoon wie hulle op besluit het.

In die sentrale parlement? -- Ja, dit is my siening van dinge, hoe dinge gedoen moet word of gedoen behoort te word.

En die "struggle" waarna hier in AV1 verwys word, is presies hierdie "struggle" wat jy nou vir die Hof beskryf het? -- Alleenlik die skrywer hiervan sal weet watter stryd hy hier na verwys. Dit kan wees dat dit miskien die een is wat ek beskryf het. Ja, ek sê byvoorbeeld wat die datum (30)

van die 21ste betref, dat dit was 'n dag waar die mense die gevoelens bekendgemaak het aangaande die bewysboeke en ongelukkig is daar op hierdie dag met daardie gebeure mense dood. So, ek beskou dit dat dit 'n dag is wat belangrik is herdenk te word.

HOF : U praat van 21 Maart? -- Ja.

MNR. JACOBS : Geld dieselfde ook vir 16 Junie? -- Dit is so.

En dan 3 September wat jy self ingeskryf het beskou jy ook as 'n belangrike dag in hierdie stryd wat jy nou genoem het? -- Ja, op dieselfde manier, toe ek hierdie inskrywing(10) hier gemaak het, het ek alreeds besluit en gevind dat dit 'n belangrike dag is en ek het gevind dat daar mense dood is onverwags, dat hulle gedood kan word. Ek vind dit as 'n belangrike datum want hierdie dag het die mense bekend gemaak wat hulle gevoelens was met betrekking tot die verhoogde huur. Ongelukkig aan die einde het die mense daar lewens verloor.

En die onluste in die Vaal is ook 'n belangrike dag in die stryd omdat daar ook die raadslede doodgemaak is op daar-die dag? -- As ek praat van ongelukkig het mense hulle lewens(20) verloor, sluit dit in die raadslede wat ook dié dag lewens verloor het.

